**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl No.: 82/2003

In die appèl tussen:

| | |
|---|---|
| **ARTHUR LEBOHANG RANOOE** | Appellant |
| en | |
| **DIE STAAT** | Respondent |

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | **HANCKE *et* CILLIé, RR** |
| **AANGEHOOR OP:** | **16 FEBRUARIE 2004** |
| **UITSPRAAK DEUR:** | **CILLIé, R** |
| **GELEWER OP:** | **4 MAART 2004** |

---

Die appellant in hierdie aangeleentheid is in die Streekhof aangekla en skuldig bevind aan 'n eerste klagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal en 'n tweede klagte van verkragting. Op die eerste klagte is hy gevonnis tot vier jaar gevangenisstraf en op die tweede klagte tot agt jaar gevangenisstraf. Dit is egter gelas dat die vonnisse samelopend uitgedien kan word. Hy kom nou in hoër beroep teen beide die skuldigbevindings asook die opgelegde vonnisse.

Alhoewel Me. Amod, wat namens die Staat op appèl opgetree het, toegegee het dat die skuldigbevinding op die eerste klagte nie kan bly staan nie, is daardie klagte so verweef met die tweede klagte dat verwysing daarna nodig is ten einde die hele gebeure wat aanleiding gegee het tot die klagtes teen die appellant in volle perspektief te sien.

Die klaagster se getuienis was naamlik dat sy die nag van die voorval in hul huis langs haar man in 'n bed gelê en slaap het. Op 'n stadium het sy bewus geword daarvan dat iemand met haar gemeenskap hou. Sy was onder die indruk dat dit haar man is, maar voel toe skynbaar toevallig dat hy steeds langs haar op die bed lê. Toe sy besef dat dit iemand anders moet wees wat met haar gemeenskap hou het sy alarm gemaak. Die persoon het vinnig opgespring en weggehardloop. Haar man het hom agtervolg, maar sonder sukses. Sy en haar man het toe ondersoek ingestel en gevind dat 'n venster in die huis gebreek is en daar skynbaar op hierdie wyse toegang tot die huis verkry was. 'n TV-stel, 'n hoëtroustel met CD-spelers, 'n antenna, 'n broek en twee pare skoene is vermis. Haar getuienis is egter onomwonde dat die persoon toe hy weggehardloop het nie hierdie goedere by hom gehad het nie.

Selfs aanvarende vir die oomblik dat dit die appellant was wat haar verkrag het, ‘n aspek waarmee weldra gehandel sal word, is daar dus geen getuienis dat dit ook hy is wat die goedere gesteel het nie. Die landdros het die saak benader op die basis dat dit net die verkragter kan wees wat ook die goedere gesteel het. Die landdros reken dat die “wiskundige moontlikheid” dat iemand anders dit kon gesteel het so gering is dat dit buite rekening gelaat kan word. Vanweë die bevinding wat hierinlater gemaak word aangaande die vraag of die identiteit van die appellant as verkragter bo redelike twyfel bewese is, is dit onnodig om oor die korrektheid van hierdie bevinding van die landdros te beslis. Dit is voldoende om aan te dui dat Me. Amod, namens die Staat soos gemeld, dit nie ondersteun het nie.

Die enigste geskilpunt op appèl is dan inderdaad of dit bo redelike twyfel bewese is dat dit die appellant is wat die nag met die klaagster gemeenskap gehou het. Die klaagster se identifikasie van die appellant is die enigste getuienis wat hom met die voorval verbind. Volgens die klaagster het daar lig van ‘n maslig buite deur die venster van die slaapvertrek geskyn. Omdat die appellant se gesig teen haar was (sy stel dit op 10 sentimeter) kon sy, volgens haar, die appellant goed sien. Die appellant was nie voorheen aan haar bekend nie. Sy beweer egter dat die middag voor die voorval het die appellant saam met ‘n vriend wat wel aan haar bekend is by hul huis aangekom. Terwyl die appellant se vriend met haar gepraat het, het die appellant glo deurgestap na die sitkamer waar die klaagster se man en vriende hom vermaan het omdat die manier wat die appellant in die vertrek rondgekyk het hulle aangestaan het nie.

Die appellant self ontken dat dit hy is wat die klaagster verkrag het. Volgens hom was hy die dag saam met vriende en het die aand saam met hulle by 'n vriendin gekuier. Hy het die aand daar geslaap. Die vriendin asook een van die vriende het dit in hul getuienis namens die verdediging bevestig. Die appellant het ontken dat hy die middag by die klaagster se woning was, maar tog aangedui dat hy saam met 'n vriend van hom rondgeloop het en nie kan sê waar hulle oral was nie omdat hy nie al die plekke geken het nie.

Mnr. Nkhahle, namens die appellant, het betoog dat die appellant se identiteit as die klaagster se verkragter nie bo redelike twyfel bewese is nie. Hy wys daarop dat die klaagster die minimum tyd vir waarneming gehad het, dat die beligting op die beste maar swak was en dat sy in elk geval nog deur die slaap was toe sy haar waarnemings moes doen. Hy wys ook daarop dat die appellant se gesig, op haar weergawe, so naby die klaagster was dat dit 'n skeefgetrekte beeld van sy voorkoms aan die klaagster sou gee.

Daar is heelwat meriete in hierdie betoog van mnr. Nkhahle. Hierbenewens het die landdros in sy uitspraak ten aansien van die twee verdedigingsgetuies nie meer gedoen nie as om te meld dat hul getuienis

verwerp word omdat hul

> "weergawe met betrekking tot die gebeure die aand beïndruk my nie .... dit kom my voor asof dit 'n weergawe is wat deur die partye gesinchroniseer is ...."

Die landdros het na my mening te veel gemaak van die feit dat die appellant ontken het dat hy die middag saam met sy vriend by die klaagster se huis was, terwyl die aanduidings is dat dit wel so was. Ek is nie oortuig daarvan dat hierdie ontkenning, aanvarende dat dit vals is, so deurslaggewend is dat dit teen die agtergrond van al die getuienis as 'n geheel genome genoemsaam is om te lei tot 'n bevinding van skuld nie.

Die getuienis van die appellant se twee getuies lees goed, die appellant se eie getuienis, behalwe vir die voormelde ontkenning, kan nie werklik kritiseer word nie en die klaagster se identifikasie van die appellant as haar verkragter staan maar op wankelrige bene.

Ek is nie oortuig daarvan dat die appellant se skuld na behore bewese was nie. Dit synde so, is daar ook geen bewys dat hy die persoon is wat aldaar ingebreek en die goedere gesteel het nie.

Bygevolg slaag die appèl en word die skuldigbevindings en opgelegde vonnisse op beide klagtes tersyde gestel.

**C.B. CILLIé, R**

**EK STEM SAAM**

**S.P.B. HANCKE, R**

**Namens Appellant:** Mnr. R.J. Nkhahle
i.o.v.
Regshulp Raad
Bloemfontein

**Namens Respondent:** Adv. H. Amod
i.o.v.
Direkteur: Openbare Vervolgings
Bloemfontein

/scd